

5 ONDERWYSERS GLO VERGIFTIG

Bolhuis gekry om voorval te ondersoek

Organofosfaat in melk bespeur

Anena Burger

Vyf onderwysers van die Hoërskool Colesberg in die Noord-Kaap leef in vrees omdat hulle glo hulle is by die skool vergiftig, maar nie die polisie of die Noord-Kaapse onderwysdepartement doen glo iets om die saak te ondersoek nie.

Hulle het op 15 April skielik almal een ná die ander baie siek geword en glo hulle is met organofosfaat vergiftig.

Dit is vyf maande later en die voorval word steeds nie deur die polisie of die onderwysdepartement ondersoek nie.

Die private speurder Mike Bontuis is nou deur die Colesberg-gemeenskap gemader om die voorval te ondersoek.

Bolhuis het Mornay Vos, 'n senior spesialisondersoeker, en ondersteuningseenhede in sy spesialisiteit aangewys om nie net die voorval te ondersoek nie, maar ook hoekom die departement en die polisie in Colesberg nie die saak verder voer nie.

Daar is ook vrae oor die optrede van 'n dokter wat die vyf onderwysers by die Manne Dipico-hospitaal behandel het.

Die onderwysers het glo siek geword nadat hulle melk gebruik het uit 'n melkhouer wat vir die waarnemende hoof, Ems Pretorius, gemerk was.

Volgens verklarings deur die onderwysers het Carina du Plessis omstreeks 10:00 in haar klas se pakkamer inmeekaargesak.

'n Personeelid het Pretorius ontbied. Sy het Du Plessis op die grond aangetref en besef sy is nie by haar volle positiesie nie.

Sy het glo verskriklik gesweet en was naer.

'n Ambulans is ontbied om haar na die hospitaal te bring.

Ná die voorval het die personeel tydens pouse in die personeelkamer koffie gedrink.

Pretorius sé in haar verklaring sy het ook koffie gemaak en met die onderwysers gespot omdat haar melkhouer veel lichter as vroeger gevoel het.

Hulle het gelag en erken dat hulle soms van haar melk gebruik.

Pretorius het kort daarna begin siek voel. Sy het in haar kantoor by haar lessenaar op haar arms gaan lê en daarna op die mat.

Erge maagkrampe, sweet en kouekoors het gevolg en sy het gesukkel om te praat.

Terselfdertyd het nog drie onderwysers, Berton Smouse, Zelda van Molendort en Ma-



Die Hoërskool Colesberg, waar die waarnemende hoof en nog vier onderwysers op 15 April skielik siek geword het.

Foto: FACEBOOK/DIE HOËRSKOOI COLESBERG



Ems Pretorius, waarnemende hoof van die Hoërskool Colesberg.



Zelda van Molendort



Berton Smouse



Maruka Zandberg

ruka Zandberg, skielik siek geraak met dieselfde simptome en ineenestort.

Hulle is ook na die hospitaal gebring waar die dokter hul toestand as voedselvergiftiging gediagnoseer het.

Nadat hulle ontslaan is, het die vyf onderwysers besluit om toksikologiese deurs 'n private laboratorium in Bloemfontein te laat doen.

Die uitslag van die toets, wat op 19 April gedoen is en waarvan *Die Burger* 'n afskrif bekom het, toon dat daar organofosfaat in hul bloed was.

Organofosfate word in insekdoeders, medisyne en sensu-middels gebruik en vergiftiging kan binne minute tot simptome lei wat insluit verhoogde speeksel- en traanproduksie, diarree, braking, verwarwing, sweet en aangetaste spierbeweging.

Du Plessis sé ondanks hul pogings om vyf klagte van pinging tot moord by die polisie in Colesberg aan te meld, wou die polisie nie hul verklarings afdoen nie.

"Ons het ook nie saaknommers gekry nie en tot nou toe is die saak nie ondersoek nie."

Sy sé die onderwysdepartement probeer ook nie om die voorval te ondersoek nie.

"Ons word geïgnoreer," Kapt. Sergio Kock, polisiewoordvoerder, het Maandagmiddag by navraag gesê die Colesberg-polisiekantoor het nou 'n ondersoek na die voorval geopen.

"Die polisie het verklarings en ander getuienis van die klaers gekry en sal die ondersoek aan die staatsaanklaer vir 'n beslissing voorlê."

Geoffrey van der Merwe, woordvoerder van die Noord-Kaapse onderwysdepartement, kon nie onmiddellik kommentaar lewer nie en het gesê die departement sal later op die navrae reageer.

Bolhuis sé enigeen met inligting kan hom by 082 447 6116 of Vos by 066 212 5193 bel. "Ons hanteer alle inligting as uiters vertroulik."

Kaapstad-stadion wit olifant, sloop dit – PA

Christiaan du Plessis

Die Kaapstad-stadion in Groenpunt is 'n "wit olifant" en moet eerder gesloop word om behuising vir die armes te bou, want "ons mense leef soos honde".

Gayton McKenzie, leier van die Patriotic Alliance (PA), het gister gesê die PA gaan in die komende plaaslike verkiesings in sowat 1 300 wyke in die Wes-Kaap meeding en die DA 'n "helse pak slaag" gee.

"Geen party gaan in die Kaapstad-metro meer as 50% van die stem kry nie."

In die vorige plaaslike verkiesings in 2016 kon die PA slegs een setel in die Kaapstad-metro wen, maar toe het hy in net 27 wyke meeding.

"Ons het intussen 1 000%

gegroei," sé hy.

Volgens McKenzie is die Kaapstad-stadion 'n groot las vir die metro se geldkoffers en kan dit eerder gebruik word om die krisis met behuising op te los.

Dit geld ook plekke soos golfbane.

"Nuweland is nou die dag vir R110 miljoen verkoop, want hy maak nie geld nie. Maar niemand wil daarvoor praat nie," sé McKenzie.

Hy sé die DA moet ophou van verkennings maak oor die behuisingssaterstande.

"Daar is soveel maatskaplik-ekonomiese probleme omdat almal in een jaartj bly. Mensse word gemolesteer. Omdat almal so op mekaar bly is



Gayton McKenzie

daar ook 'n brandgevaar."

Hy meen die DA se "gebrek aan bruin leiers" en die besluit om Dan Plato, burge-meester van Kaapstad, met Geordin Hill-Lewis, DA-LLP, te vervang, sal die PA by die stemhuis bevoordeel.

Nog 'n teken dat die PA steun by die DA afrokkel, is dat hy in die afgelope tussenverkiesings wyke in plekke soos Eldorado Park in Gauteng by die DA afgeneem het.

Volgens McKenzie wil die PA verseker dat godsdienste teruggereg word in skole en immigrante tronk of "huis toe" gestuur word, en wil hul verhoed dat masjiene mensse se werk oorneem.

SPAR Rewards GRAND CASH GIVEAWAY

WEN JOU DEEL VAN R5 MILJOEN IN KONTANT, OP DIE PLEK!

SPAR

KOOP MY OM TE WEN

Slegs Coca-Cola Zero, Coca-Cola Light, Coca-Cola Suiker- en Kafeynry, Fanta Lemoen Zero, Sprite Zero of Stoney Gemmerbier Zero 2,25 liter

TV

MULTI-KOPIE

Koop 2 vir **35⁰⁰**

Kry 'n ekstra **R5 af**

Rewards-klante betaal **30⁰⁰**

KOOP MY OM TE WEN

SOOS OP TV

Koo Gebakte Boontjies in Tamatiesous 410 g

MULTI-KOPIE

Koop 3 vir **33⁰⁰**

Kry 'n ekstra **R3 off**

Rewards-klante betaal **30⁰⁰**

KOOP MY OM TE WEN

TV

SPAR Macaroni of Spaghetti 500 g

2 20⁰⁰

KOOP MY OM TE WEN

TV

SPAR Franse Polonies 2 kg

39⁹⁹ elk

KOOP MY OM TE WEN

TV

All Gold Tamatiesous 700 ml

25⁹⁹ elk

KOOP MY OM TE WEN

TV

Crosse & Blackwell Slegs Tangy Mayonnaise 750 g

27⁹⁹ elk

KOOP MY OM TE WEN

TV

Huggies Dry Comfort Jumbo-Pack Weggoiedoekke Maxi 4 66, Junior 5 56, Maxi +4 60, Midi 3 76 of Mini S2 94

169⁹⁹ per pak

KOOP MY OM TE WEN

TV

SPAR Woof Hondelhappies (Puppy-Reeks uitgesl.) 8 kg

119⁹⁹ elk



SPAR Rewards Instant Savings | Sluit vandag nog aan. Skakel +120*7070#. Dis onmiddelik geldig!

SPAR SUPERSPAR KWIKSPAR

Herde aanbiedinge is beskikbaar by SPAR-, SUPERSPAR- & sekere KWIKSPAR-winkels in die Wes-Kaap uitvalend George, Knysna, Plettenbergbaai, Uniondale en Wilderness winkels slegs vanaf 30 SEPTEMBER tot en met 3 OKTOBER 2021. Uitsluitend SPAR-keuse en SparMer-winkels. Dis behou die reg om hoeveelhede te beperk. BTW ingesluit. Geen handelsaas. Geen wyn of varkvis word in ons Huiswinkels verkoop nie.

Find us on **mySPAR** | Meer inligting: www.spar.co.za